# MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE

**MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING – UITVOERENDE KOMITEEVERGADERING 2 / 2023**

WOENSDAG 1 Maart 2023 - 18:00 tot 20:00 (Reebok Gemeenskapsaal)

**1. VERWELKOMING** : Voorsitter heet almal welkom.

**2. OPENING :** Cecil open die vergadering met gebed.

**3. KONSTITUERING / KORUM TEENWOORDIG – 14 LEDE TEENWOORDIG – LYS BY VOORSITTER**

**Verskonings ontvang :**
1) **Michelle Smith**
2) **Pieter Du Plessis**
3) **Karel Grové**
4) **Raadslid Annatjie**
5) **Greg Mitchell**
6) **Frikkie Rheeder**

**4. VASSTELLING VAN AGENDA VIR UITVOERENDE KOMITEE**

**4.1 NOTULE VAN VORIGE VERGADERING – 1 FEBRUARIE 2023 – VIR GOEDKEURING**

**VOORGESTEL EN GESEKONDEER : ERIC EN ROBIN**

**5. VERWELKOM NUWE LID: VINCENT HILL - RIVERSIDE**

**6. SAKE UIT NOTULE VIR BESPREKING:**

**6.1.** ***IMPALAWEG 82, 74, 84 EN JONKERSBERG LN*** **3** - DIT LYK OF MEESTE PROBLEME, SOVER IMPALALAAN, TANS AANGESPREEK EN SELFS AFGEHANDEL IS. DAAR IS EGTER GROOT KOMMER OOR JONKERSBERG LN 3 ( SIEN OOK BEWAREA 6.14)

**6.2.1** ***STORMWATER MEESTERPLAN*** – CECIL- KON TOT HEDE DIT NIE BY MUNISIPALITEIT KRY NIE. HOU OP AGENDA.

**6.2.2.** ***STORMWATER OOR DIE ALGEMEEN*** - OPVOLG – LEDE WORD GEVRA OM SPESIFIEKE PROBLEME, EN WAAR, TE IDENTIFISEER. VERDER WORD VERSOEK DAT DIE VERANTWOORDELIKE INGENIEUR OF MUNISIPALE AMPTENAAR NA VERGADERING GENOOI MOET WORD, VIR BESPREKING VAN PROBLEME.

**6.3.** ***TOEGANGSPAAIE NA STRAND*** – NETVERSPERRINGS KUSWEG – VIR OPVOLG CECIL. MUNISIPALITEIT MOET TERUGVOER GEE.

**6.4.** ***AKTIWITEITS-/AKSIE-/OPVOLGLYS - EXCEL REKORD – MBBV NOTULE ITEMS, ENS.*** – CECIL EN MICHELLE IS BESIG HIERMEE EN DAAR WORD VERSOEK DAT DIT SPOEDIG GESIRKULEER WORD. KOMMENTAAR HIEROP WORD INGEWAG.

**6.5.** ***CODE OF CONDUCT*** – CECIL MOET VOLTOOI EN SIRKULEER.

**6.6.** ***RIOOLAANSLUITINGS - TERGNIETHOOGTE –*** *GEEN KOMMUNIKASIE AAN DIE ALGEMENE PUBLIEK VANAF DIE MUNISIPALITEIT VEROORSAAK ALGEHELE VERWARRING AANGAANDE DIE MIDBRAK RIOOLERINGS PROJEK. VERDUIDELIKING AANGAANDE DIE VERSKILLENDE FASES EN TYDSKALE VERERGER DIE WAN INLIGTING BY BELASTING BETALERS. N VOORSTEL IS AANVAAR DAT N OPENBARE VERGADERING MET DIE MUNISIPALITEIT DRINGEND BELE WORD AANGESIEN DIE BETROKKE DEPARTIMENT NIE IN STAAT IS OM DIE PUBLIEK IN TE LIG NIE.*

**6.7.** ***IMPALAWEG – ONGEMAGTIGDE TOEGANG (SNOEK SLOT EN ANDER )*** RDL ANTON VERDUIDELIK DAT DIT SOMS 'N BAIE MOEILIKE PROBLEEM IS. ENIGE NUWE ONGERUIMDHEDE MOET EGTER DADELIK AAN MOSSMUN GERAPPORTEER WORD – VERSOEK MOET GERIG WORD DAT BOUINSPEKTEURS VERGADERING BYWOON .

**6.8.** ***REEBOKRIF PAAIE HERSTELWERK – SWAK TOESTAND – RÉNÉ*** - DAAR WORD VOORGESTEL DAT 'N VERGADERING MET DIE BETROKKE INGENIEUR OF VERANTWOORDELIKE MUNISIPALE AMPTENAAR, GEREËL WORD EN DIE SAKE T.O.V. STORMWATER, PAD OPPERVLAKTES EN SOORTGELYKE PROBLEME MET HUL BESPREEK WORD. LEDE WORD VERSOEK OM DRINGEND PROBLEEMAREAS TE IDENTIFISEER, MET ADRES, AAN VOORSITTER DEUR TE STUUR.

**6.9.** ***PADTEKENS – CECIL TERUGVOERING*** – DAAR IS SKYNBAAR 'N SPAN BESIG OM DAARNA TE KYK – VERSOEK WEEREENS DAT SPESIFIEKE PROBLEME DEURGEGEE MOET WORD.

**6.10.** ***GEMEENSKAPSAAL OPKNAPPING*** – DIE NUWE GORDYNE LYK MOOI– MAAR LEDE VOEL IETS MOET MEER DAADWERKLIK GEDOEN WORD OM OOK BUITEKANT BETER TE LAAT LYK – MOET OP MOSSMUN INFRASTRUKTUUR ONDERHOUDSLYS KOM.

**6.11.** ***KRAGONDERBREKINGS – BRIEF VAN DIE BURGEMEESTER*** – KENNIS GENEEM, MAAR DAAR IS NOG BAIE ONSEKERHEID OOR WAARHEEN MOSSMUN MET KRAGVOORSIENING IN TOEKOMS OPPAD IS – SAL DEEL WORD VAN BESPREKINGSPUNTE BY VOLGENDE OPENBARE VERGADERING, MET BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER.

**6.12.** ***MBBV WHATSAPP GROEP*** - PIETER EN MICHELL MOET VOORLEGGING NOG DOEN.

**6.13.** ***BUURTWAG:*** **FRIKKIE RHEEDER: VERSLAG** – FRIKKIE NIE TEENWOORDIG NIE, MAAR VERSLAG AAN VOORSITTER DEURGEGEE. EEN VAN DIE GROOTSTE PROBLEME VIR INBRAKE OF BETREDING IS DAT INWONERS ONVERANTWOORDELIK IS AS DIT BY HUL EIE VEILIGHEID KOM – DEURE BYVOORBEELD NIE GESLUIT. VERDER IS INWONERS OOK SKULDIG DAARAAN OM O.A. AAN RONDLOPERS EN BEDELAARS VAN KOS EN ANDER TE VOORSIEN. DIT SKEP VEILIGHEIDSRISIKO'S.

**6.14**. ***BEWAREA: ROBIN FICK DOEN VERSLAG*** – ***CABLE STRIPPING ERF 928*** – *CLOSING END ALBERTINIA TO 928* – ROBIN SKETS DONKER PRENTJIE VORENTOE AS DAAR NIE DAADWERKLIK DEUR OWERHEDE OPGETREE WORD NIE – TANS IS DAAR BAIE MIN SAMEWERKING OF POLITIEKE WIL – SAAK SAL MET BURGEMEESTER EN MM BESPREEK WORD.

**6.15.** ***<u>NUWE SAKE VIR BESPREKING :</u>***

**6.15.1** ***ERF 1027 – ONTWIKKELING - BESIGHEIDSKOMPLEKS*** - SIEN OOK 6.14 – PROBLEEMAREAS VAL OOK BINNE TUINROETE MUN GEBIED.

**6.15.2** ***VLOEDLYN –LOOD DE KLERK. –*** BESPREKING EN BEKOMMERNIS WORD UITGEPREEK.

**6.15.3** ***MUN KONTAKNOMMERS AS KRAG AF IS – LOOD DE KLERK*** – RDL ANTON SAL WEER KYK.

**6.15.4** ***ALTERNATIEWE KRAG – ROBIN FICK*** – SIEN 6.11

**6.15.5** ***PUNTDIENS IN SPITSTYE – CECIL BARRY*** - RDL ANTON SAL VOORSTEL DEURGEE NA O.A. WETSTOEPASSERS.

**6.15.6** ***PARKEERRUIMTES – CECIL BARRY –*** WORD VOORGESTEL DAT DAAR GEKYK BEHOORT TE WORD NA DIE GROOTTES VAN PARKEERRUIMTES EN DIT MOONTLIK MOET HERSIEN. VOERTUIE, VERAL 4X4'S, PAS NIE MAKLIK IN BY PARKEERPLEKKE OP KLEINBRAKSTRAND NIE. RDL ANTON WYS DAAROP DAT DAAR NEERGELEGDE REËLS BESTAAN EN WORD SOVER MOONTLIK TOEGEPAS. VERGADERING IS VAN MENING DAT DIE REËLS AANGEPAS BEHOORT TE WORD.

**7. <u>TOEKOMSTIGE SPREKERS VAN MUNISIPALITEIT – SAL WEER UITNODIGINGS RIG - 2023</u>**

**8. <u>UITNODIGING –</u>** *<u>MUN BESTUURDER EN BURGERMEESTER VIR APRIL OPE VERGADERING</u>*? HULLE SAL NOU GENOOI WORD NA GESLOTE VERGADERING AS WAARNEMERS – VIR OPENBARE VERGADERING MOET 'N DUIDELIKE AGENDA AAN HULLE VOORSIEN WORD.

**9. <u>FINANSIES – TESOURIER CECIL BARRY – BANK R........?...... KLEINKAS R........?..</u>**

**9.1** TOESTEMMING VIR BYDRAE TOT VOETPAADJIE OOR TREINSPOOR. (R400)

**9.2** *TERUGBETALING – GEORGE* - AFGEHANDEL

**10. *VERSLAE VAN AREA KOMITEELEDE*** - GEEN TERUGVOERING ONTVANG OF VAN VLOER GEKRY NIE

| | |
|---|---|
| RIVERSIDE | PIETER LE ROUX<br>VINCENT HILL |
| KLEINBRAKRIVIER | PIETER LE ROUX |
| POWERTOWN | |
| FRAAIUITSIG | FRIK NEL<br>PIETER DU PLESSIS |
| TERGNIET | JOHAN SPIES |
| REEBOK: NOORD VAN SPOOR | SOLLIE GROBLER<br>MICHELLE SMITH |
| REEBOK: SUID VAN SPOOR | CECIL BARRY<br>GREG MITCHELL |
| REEBOKRIF:WILDEPERSKE, ROOIBOKLAAN TOT BY TSESSEBELAAN (WES)<br>TUSSEN R102 EN IMPALAWEG | LOOD DE KLERK<br>GERT PRETORIUS |
| REEBOKRIF:WILDEPERSKE, ROOIBOKLAAN TOT BY TSESSEBELAAN (OOS) TOT BY WAG 'N BIETJIE. TUSSEN R102 EN IMPALAWEG | ERIC MARAIS<br>KAREL GROVÉ |
| REEBOKHOOGTE/TERGNIETHOOGTE | GEORGE NEZAR<br>RENÉ BONGERS |
| GROENKLOOF<br>REEBOK VILLAGE ESTATE | |
| DE LANGE UITBREIDING | ANN PRETORIUS |
| | |
| | |

**TERUGVOER UIT WYKSKOMITEES:**

**WYK 4 – PIETER LE ROUX**

**WYK 5 – JOHAN SPIES**

**MUNISIPALE KONTAKNOMMERS: SMS nr 44802**

**Skakelbord - 044 606 5000**

**Verkeer/Wetstoepassing : 044 606 5204.**
**Onwettige storting : 044 606 5143**

**Elektriese dienste – 044 606 5082**

**Paaie en Stormwater – 044 606 5282**

**Finansies - 044 606 5009**

**Water en Riool - 044 606 5282**

**Voorsienings dienste – 044 606 5192**

**Na-Ure – bv kragonderbrekings - 044 606 5000** **Brand- en Rampbestuur – 044 691 3722**

**Nooddienste na-ure - 044 606 5107** **Stadsbeplanning - 044 606 5073**

**<u>INDELING VAN PORTEFEULJES.</u> / Sekretariaat**

| | |
|---|---|
| Regsdienste, Facebook,WApp, Webtuiste pubs | George, Michelle |
| Admin Dienste | (Sekretaresse) Michelle/ERIC |
| Verenigingbestuur, Media skakel, Toerisme | Rene Bongers |
| Webtuiste | Klaus Oellrich **(kennisname)** |

**Kooperatiewe dienste/GOP Proses**

| | |
|---|---|
| Wyk 5 | Johan Spies |
| Wyk 4 | Pieter le Roux |

**Ekonomiese ontwikkeling**

| | |
|---|---|
| Bewarea- Land, Kus en Kleinbrak rivier stelsel | Robin Fick **(kennisname)** |
| Kleibrak Rivierforum | Pieter le Roux |
| Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling | Michelle Smith, Pieter du |
| | Plessis |

**Infrastruktuurdienste (Tegnies&Geïntegreerde)**

| | |
|---|---|
| Water | Johan Spies |
| Riool | Johan Spies |
| Paaie en Stormwater | Sollie Grobler, Cecil Barry |
| Elektriese Dienste & Afvalverwydering | Lood de Klerk |

**Gemeenskapsdienste**

| | |
|---|---|
| Veiligheid & Rampbestuur | Frik Rheeder(Buurtwag) |
| Skoonmaak van Erwe & Groengordels | Gert Pretorius |

**<u>8. AFSLUITING: met dank aan Eskom sluit die vergadering om 19:55</u>**

**<u>9. Volgende vergadering:</u>**

***<u>Komiteevergadering : Woensdag 5 April 2023</u>*** **<u>om 18:00– sal nou geslote vergadering wees, maar Burgemeester en Munisipale Bestuurder sal genooi word.</u>**